Die ABC

van Kapitaalwinsbelasting vir Individue

SARS
Tot U Diens

Die ABC van Kapitaalwinsbelasting vir Individue

VOORWOORD

Hierdie gids behandel sommige van die basiese beginsels van kapitaalwinsbelasting (KWB) ten einde 'n beter begrip van hierdie belasting te gee. Dit kan dus nie as as regsgesag gebruik word nie.

Let asseblief daarop dat die afsluitingsdatum vir die bepaling van KWB waardasies soos op 1 Oktober 2001, op 30 September 2004 verval het.

Indien u meer inligting verlang, mag u:

- Enige Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) kantoor raadpleeg
- Besoek SAID aanlyn by http:/www.sars.gov.za
- U eie adviseur raadpleeg

Voorberei deur

Regs- en Beleidsafdeling

SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

Datum van eerste uitreiking: Oktober 2001

Datum van tweede uitreiking: Oktober 2003

Datum van derde uitreiking: Februarie 2006

INHOUD

1. BASIESE BEGINSELS VAN KWB 1

- Inleiding 1
- Moet ek registreer vir KWB doeleindes? 1

2. BELANGRIKE DEFINISIES 1

- Wat word bedoel by beskikking? 2
- Watter bates word by KWB uitgesluit? 2
- Wat word bedoel met kapitaalwins/-verlies? 2
- Voorbeeld van kapitaalwins/-verlies 2
- Wat is die basiskoste? 2

3. BEREKENING VAN DIE BASISKOSTE 3

- Wat is die basiskoste van bates gehou voor 1 Oktober 2001? 4
- Voorbeeld van tydtoedelingsbasiskoste 4
- Wat is jaarlikse uitsluiting? 4
- Watter gedeelte van u kapitaalwins word belas? 5
- Voorbeeld van KWB 5

4. PRIMÊRE WONING 6

- Sal die verkoop van my private woning onderhewig wees aan kapitaalwinsbelasting? 6
- Wat is ‘n primêre woning? 6
- Wanneer sal die verkoop van my primêre woning onderhewig wees aan KWB? 6
- Voorbeeld van primêre woning 7
- Implikasies as ek nie gewoonlik woonagtig in my huis is om sekere redes nie 7
- Wat gebeur as ek en my gade ons primêre woning gesamentlik hou? 7

5. EFFEK VAN KWB OP DIE BEREKENING VAN SEKERE AFTREKKINGS EN OP DIE BELASTING VAN SEKERE BEDRAE WAT TEEN ‘N LAER BELASTINGSKAAL (TARIEFFORMULE) BELAS WORD 8

- Voorbeeld van belasbare kapitaalwins 9
- Voorbeeld van vasgestelde kapitaalverlies 10

1. BASIESE BEGINSELS VAN KWB

Inleiding

In sy Begrotingsrede op 23 Februarie 2000 het die Minister van Finansies, mnr Trevor Manuel, die instelling van Kapitaalwinsbelasting (KWB) in Suid-Afrika aangekondig. Internasionaal is KWB algemeen en by baie van ons handelsvennote is dit alreeds jare gelede ingestel.

Voor die implementering van KWB is u belas op die inkomste verdien uit die besit van bates, maar gewoonlik nie belas op die wins wat gemaak is met die beskikking (van die hand sit) van daardie bates nie. Dié effek van KWB is dat alle kapitaalwinste en -verliese wat met beskikking van bates gemaak word aan KWB onderhewig is tensy dit deur spesifieke bepalings uitgesluit word.

Ten einde uitvoering aan die voorstelle van KWB te gee, is die Agtste Bylae, wat die belasbare kapitaalwins of kapitaalverlies vasstel, by die Inkomstebelastingwet, 1962 (die Wet) gevoeg. Die Bylae stel ‘n belasbare kapitaalwins of vasgestelde kapitaalverlies vas en artikel 26A van die Wet bepaal dat ‘n belasbare kapitaalwins by belasbare inkomste ingesluit word. Kapitaalwinste word vanaf 1 Oktober 2001 belas.

Indien hierdie gids nie u spesifieke vrae beantwoord nie, kan u die plaaslike SAID kantoor kontak of ‘n e-pos aan die volgende adres stuur: cgt@sars.gov.za.

Moet ek registreer vir KWB doeleindes?

Nee, KWB sal slegs van toepassing wees wanneer oor ‘n bate beskik word. Die belasbare kapitaalwins sal dan deel vorm van u belasbare inkomste wat ingesluit moet word by u Inkomstebelastingopgawe vir die jaar waarin die beskikking plaasgevind het. Indien u ‘n kapitaalwins of kapitaalverlies gehad het wat R10 000 oorskry en u nie vir inkomstebelastingdoeleindes geregistreer is nie moet u as ‘n belastingpligtige by u plaaslike SAID kantoor registreer vir die jaar van aanslag waarin die bate van die hand gesit is en ‘n belastingopgawe vir daardie jaar invul.

2. BELANGRIKE DEFINISIES

Wat word bedoel by beskikking?

‘n Wye interpretasie is aan die woord beskikking gegee. Die volgende is ‘n paar voorbeelde van gebeurtenisse wat as beskikkings beskou word:

- Verkoop van ‘n bate
- Skenking van ‘n bate
- Verlies of vernietiging van ‘n bate

Watter bates word by KWB uitgesluit?

Sekere bates (soos persoonlike gebruiksbates) word uitgesluit van KWB. Van die belangrike uitsluitings is:

- Primêre woning (R1 miljoen van wins of verlies).(Kyk deel 4 van hierdie gids vir meer inligting oor “primêre woning” en hoe dit deur KWB geraak word.)
- Die meeste persoonlike gebruiksbates soos motorvoertuie en woonwaens wat nie vir bedryfsdoeleindes gebruik word nie, meubels, ens.
- Valuta, maar nie munte wat van goud of platinum gemaak is soos Krugerrande nie
- Bote wat nie langer as tien meter is nie en vliegtuie waarvan die leë massa nie 450 kilogram oorskry nie
- Opbrengs uit enkelbedrae van pensioen-, voorsorg- en uittredingannuïteitsfondse (goedgekeurde aftreefondse)
- Opbrengs uit ‘n uitkeerpolis of lewensversekeringspolis (tensy dit ‘n tweedehandse polis is)
- Vergoeding vir persoonlike beserings of siekte
- Prysgelde ontvang van Suid-Afrikaanse goedgekeurde kompetisies, soos byvoorbeeld, die Nasionale Lotery

Wat word bedoel met kapitaalwins/-verlies?

‘n Persoon se kapitaalwins ten opsigte van ‘n beskikking oor ‘n bate is die bedrag waarmee die opbrengs die basiskoste van daardie bate oorskry, en ‘n kapitaalverlies is die bedrag waarmee die basiskoste weer die opbrengs oorskry.

Voorbeeld van kapitaalwins/-verlies

Verlies		**Wins**	
Opbrengs	R10 000	Opbrengs	R10 000
Basiskoste	R20 000	Basiskoste	R 5 000
Kapitaalverlies	(R10 000)	Kapitaalverlies	R 5 000

Wat is die basiskoste?

Die basiskoste van ‘n bate is gewoonlik die uitgawes werklik aangegaan ter verkryging van die bate (wat jy daarvoor betaal het) tesame met uitgawes wat direk verband hou

met die verkryging of vervreemding van die bate (byvoorbeeld, verkoopskommissie – kyk **Nota** hieronder) of verbetering van die bate (soos die koste van kapitale verbeterings aan die bate). Die basiskoste sluit nie bedrae in wat as 'n aftrekking vir inkomstebelastingdoeleindes toegelaat is nie. Van die vernaamste koste wat deel vorm van die basiskoste van 'n bate is:

- Onkoste aangegaan om die bate te verkry
- Oordragkoste, seëlregte, hereregte
- Advertensiekoste om 'n verkoper of 'n koper te vind
- Verbeteringskoste aan die bate
- Onkoste aangegaan ten opsigte van waardasie van die bate vir doeleindes van die vasstelling van 'n kapitaalwins of kapitaalverlies van die bate
- Onkoste wat direk verband hou met die verkryging van of beskikking oor die bate, naamlik besoldiging betaal aan 'n landmeter, afslaer, rekenmeester, makelaar, agent, konsultant of regsadviseur, vir dienste gelewer
- BTW betaal op die bate wat nie geëis of terugbetaal is nie
- Onkoste aangegaan vir die doeleindes van die daarstelling, onderhoud of verdediging van 'n regstitel tot of in die bate
- Koste om die bate van een plek na 'n ander te verskuif (by aankope)
- Koste van installasie van die bate, insluitend die koste van fondasies en ondersteunende strukture

Nota : Waar die tydtoedelingsbasiskoste metode gebruik word om die basiskoste van 'n bate soos op 1 Oktober 2001 te bereken, moet die verkoopsuitgawes van die opbrengs afgetrek word.

3. BEREKENING VAN DIE BASISKOSTE

Wat is die basiskoste van bates gehou voor 1 Oktober 2001?

Ten einde die gedeelte van die wins wat betrekking het op die periode voor 1 Oktober 2001 uit te sluit, moet die waarde van die bate soos op 1 Oktober 2001 vasgestel word. Een van die volgende metodes kan gebruik word om die basiskoste van die bate soos op 1 Oktober 2001 te bereken:

a) 20% x (opbrengs min toelaatbare uitgawes wat op of na 1 Oktober 2001 aangegaan is) (waar geen bewyse gehou is nie en geen waardasie soos op 1 Oktober 2001 verkry was nie)

OF

b) Markwaarde van bate soos op 1 Oktober 2001, wat die waardasiedatum genoem word. (Ten einde hierdie metode te kan gebruik, moes u die bate voor of op 30

September 2004 gewaardeer het.)

OF

c) Tydtoedelingsbasiskoste metode. Hierdie metode van berekening van die waarde van die bate word gebaseer op die tydperk wat u die bate voor en na 1 Oktober 2001 besit het. Dit word soos volg bereken:

$$\text{Oorspronklike koste} + [(\text{opbrengs} - \text{oorspronklike koste}) \times \frac{\text{Aantal jare besit voor 1 Oktober 2001}}{\text{Aantal jare besit voor 1 Oktober 2001 plus aantal jare besit na 1 Oktober 2001}}]$$

Voorbeeld van tydtoedelingsbasiskoste

'n Individu het 'n vakansiehuis vier jaar voor die waardasiedatum (1 Oktober 2001) vir R450 000 aangekoop. Hy het die eiendom vir 7 jaar gehad voordat hy dit vir R800 000 verkoop het. Die eiendom is op 1 Oktober 2001 gewaardeer vir R500 000.

Basiskoste =

$$\text{Oorspronklike koste} + [(\text{opbrengs} - \text{oorspronklike koste}) \times \frac{\text{Aantal jare besit voor 1 Okt 2001}}{\text{Aantal jare besit voor en na 1 Okt 2001}}]$$

$$= \text{R450 000} + [(\text{R800 000} - \text{R450 000}) \times \frac{4}{7}]$$

$$= \text{R650 000}$$

Opbrengs	R800 000
Min: Basiskoste (hierbo)	R650 000
Kapitaalwins	R150 000

Notas:

1. Waar geen bewyse gehou is nie en geen waardasie voor of op 30 September 2004 verkry was nie, moet metode a) hierbo gebruik word.
2. 'n Gedeelte van 'n jaar word as 'n volle jaar beskou.
3. Waar verbeterings aan die bate na waardasiedatum aangebring is, word die "opbrengs" hierbo in die formule ingevolge 'n aparte formule bereken.

Wat is jaarlikse uitsluiting?

Ten opsigte van elke jaar van aanslag word die eerste R10 000 van kapitaalwinste nie in ag geneem vir KWB doeleindes nie. (Dit word verhoog tot R50 000 waar 'n persoon gedurende die jaar van aanslag te sterwe kom.) Net so word die eerste R10 000 van kapitaalverliese nie in ag geneem vir KWB doeleindes nie.

Watter gedeelte van my kapitaalwins word belas?

'n Persoon se belasbare kapitaalwins vir die jaar van aanslag is:

(a) In die geval van 'n natuurlike persoon of 'n spesiale trust, 25% van die netto kapitaalwins vir die jaar van aanslag.
(b) In die geval van 'n maatskappy, beslote korporasie of 'n trust, 50% van die netto kapitaalwins vir die jaar van aanslag.

Voorbeeld van KWB

'n Individu het ses maande na die implementering van KWB, R10 000 se aandele (of deelnemingsregte in 'n kollektiewe beleggingskema) vir beleggingsdoeleindes aangeskaf wat hy twee jaar later vir R30 000 verkoop het.

Beskikking	Verkoop van aandele	
↓		
Uitsluiting	Nie van toepassing nie, aandele (of deelnemingsregte) is nie vrygestel nie	
↓		
Wins	Opbrengs	R30 000
	Min: Basiskoste	R10 000
	Kapitaalwins	R20 000
↓		
Jaarlikse uitsluiting:	Die uitsluiting van R10 000 is van toepassing op 'n natuurlike persoon	
↓		
Kapitaalwins		R20 000
Min: Uitsluiting		R10 000
Netto kapitaalwins		R10 000
Insluitingskoers		25% x R10 000 = R2 500
Belasbare kapitaalwins		R2 500

Die belasbare kapitaalwins van R2 500 moet by belasbare inkomste ingesluit word.

4. PRIMÊRE WONING

Sal die verkoop van my private woning onderhewig wees aan kapitaalwinsbelasting?

Baie primêre wonings wat verkoop word sal nie aan KWB onderhewig wees nie aangesien die eerste R1 miljoen kapitaalwins of kapitaalverlies vir KWB doeleindes uitgesluit word. Dit beteken dat u 'n kapitaalwins van meer as R1 miljoen na 1 Oktober 2001 op u huis moet maak voordat die oorskot aan KWB onderhewig sal wees.

Wat is 'n "primêre woning"?

'n Primêre woning moet aan twee basiese vereistes voldoen om as 'n primêre woning te kwalifiseer -

- dit moet deur 'n natuurlike persoon (nie 'n trust, maatskappy of beslote korporasie nie) besit word; en
- die eienaar of sy/haar gade moet gewoonlik woonagtig in die huis wees en moet dit vir huishoudelike doeleindes gebruik.

Wanneer sal die verkoop van my primêre woning onderhewig wees aan KWB?

U sal belas word op die kapitaalwins indien een van die volgende van toepassing is:

- Waar die kapitaalwins R1 miljoen oorskry, sal die gedeelte wat R1 miljoen oorskry onderhewig wees aan KWB. Net so, as u kapitaalverlies R1 miljoen oorskry, sal slegs die gedeelte wat R1 miljoen oorskry as 'n kapitaalverlies toegelaat word.
- Waar die eiendom twee hektaar oorskry, sal die wins op die gedeelte wat twee hektaar oorskry aan KWB onderhewig wees.
- Enige tydperk na 1 Oktober 2001 waar die eiendom nie as primêre woning gebruik is nie.
- Die gedeelte van die woning wat vir besigheidsdoeleindes gebruik word, byvoorbeeld, die gebruik van 'n studeerkamer, is nie deel van die primêre woning-uitsluiting nie.

Voorbeeld van primêre woning

'n Individu se woning is waardeer op 1 Oktober 2001 vir R1 200 000. Die woning is verkoop op 1 Desember 2002 vir R1 400 000.

Opbrengs			R1 400 000
Waardasiedatumwaarde			R1 200 000
Waardasiefooi			R 5 000
Swembad aangebou in November 2001			R 45 000
Opbrengs			R1 400 000
MIN:	Basiskoste -		
	Waardasiedatumwaarde	R1 200 000	
	Waardasiefooi	R 5 000	
	Verbeterings	R 45 000	R1 250 000
Kapitaalwins			R 150 000

Die wins is minder as R1 miljoen en word dus nie in ag geneem vir KWB doeleindes nie. (As u die woning vir R2,4 miljoen verkoop het, sou die wins R1,15 miljoen gewees het. R150 000 sou dus aan KWB onderhewig gewees het.)

Implikasies as ek nie gewoonlik woonagtig in my huis is nie om een van die volgende redes:

- Op die tydstip waarop die woning my primêre woning was, was dit te koop aangebied en ontruim weens die verkryging of voorgenome verkryging van 'n nuwe primêre woning.
- U woning is opgerig op grond wat vir daardie doel verkry is ten einde gebruik te word as u primêre woning.
- Die woning is weens 'n ongeluk onbewoonbaar gemaak.
- By u dood.

Indien een van die bogenoemde redes geld, sal u as gewoonlik woonagtig beskou word vir 'n aaneenlopende tydperk wat nie twee jaar oorskry nie, as u nie in u huis gedurende daardie twee jaar gewoon het nie.

Wat gebeur as ek en my gade ons primêre woning gesamentlik hou?

Die R1 miljoen primêre woning-uitsluiting word verdeel volgens elkeen se belang in die primêre woning. Byvoorbeeld, indien u en u gade 'n gelyke belang in u primêre woning het, sal elkeen vir 'n primêre woning-uitsluiting van R500 000 kwalifiseer.

5. EFFEK VAN KWB OP DIE BEREKENING VAN SEKERE AFTREKKINGS EN OP DIE BELASTING VAN SEKERE BEDRAE WAT TEEN ’N LAER BELASTINGSKAAL (TARIEFFORMULE) BELAS WORD

By die berekening van belasbare inkomste sal kapitaalwinste die berekening van sekere aftrekkings en die belasting van sekere bedrae wat onderhewig is aan die tariefformule, soos volg affekteer:

- Wanneer pensioenfondsbydraes ingevolge artikel 11(k) van die Wet bereken word, moet die belasbare kapitaalwins uitgesluit word aangesien sodanige wins nie uittredingfunderingsdiensinkomste uitmaak nie.
- Wanneer uittredingannuïteitsfondsbydraes (UAF) bereken word, moet die belasbare kapitaalwins uitgesluit word van die berekening om die 15% toelaatbare aftrekking te bereken. Die rede hiervoor is dat kapitaalwinste deel uitmaak van belasbare inkomste en nie inkomste soos bedoel in artikel 11(n)(aa)(A) van die Wet nie.
- Wanneer die aftrekking van mediese onkoste ingevolge artikel 18(2) van die Wet bereken word, sal die reël dat slegs daardie gedeelte van mediese onkoste wat 5% van belasbare inkomste oorskry, toegelaat word, ook 5% van die belasbare kapitaalwins insluit aangesien dit deel uitmaak van belasbare inkomste.
- Wanneer bedrae bereken word (soos enkelbedrae uit goedgekeurde aftreefondse) wat teen ’n laer skaal (“tariefformule”) ingevolge artikel 5(10) van die Wet belas word, moet belasbare kapitaalwinste van hierdie berekening uitgesluit word.

Voorbeeld van belasbare kapitaalwins

Salaris	R 80 000
Bonus	R 50 000 (nie-pensioendraend)
Kapitaalwins (bruto)	R100 000
Pensioenfondsbydraes	R 7 500
UAF-bydraes	R 10 000
Mediese eis	R 12 000

Die eerste stap is om die belasbare kapitaalwins uit te werk.

R100 000 min R10 000 jaarlikse uitsluiting = R90 000 x 25% insluitingskoers = R22 500 = belasbare kapitaalwins

Die tweede stap is om belasbare inkomste uit te werk.

Pensioenfondsbydraes: R80 000 x 7,5% = R6 000, dus R1 500 te veel (kapitaalwins nie in ag geneem nie)

UAF-bydraes: Bonus van R50 000 x 15% = R7 500, dus R2 500 te veel wat oorgedra word (kapitaalwins nie in ag geneem nie)

Mediese aftrekking: R80 000 (salaris) plus R50 000 (bonus) min R6 000 (pensioen) min R7 500 (UAF) = R116 500 plus die belasbare kapitaalwins van R22 500 = R139 000 x 5% = R6 950.
Dus toelaatbare mediese aftrekking is: R12 000 – R6 950 = R5 050 (belasbare kapitaalwins in ag geneem)

Dus belasbare inkomste (uitgesluit belasbare kapitaalwinste) is R116 500 – R5 050 = R111 450 en ingevolge artikel 26A moet die belasbare kapitaalwins by belasbare inkomste ingesluit word. Dus belasbare inkomste insluitend kapitaalwins is R111 450 + R22 500 = R133 950. Die normale belastingkortings en belastingskale sal op die belasbare inkomste van R133 950 van toepassing wees.

Voorbeeld van vasgestelde kapitaalverlies

Salaris	R 80 000
Bonus	R 50 000 (nie-pensioendraend)
Kapitaalverlies van vorige jaar	R150 000
Pensioenfondsbydraes	R 7 500
UAF-bydraes	R 10 000
Mediese eis	R 12 000

Pensioenfondsbydraes: R80 000 x 7,5% = R6 000, dus R1 500 te veel (kapitaalverlies nie in ag geneem nie)

UAF-bydraes: Bonus van R50 000 x 15% = R7 500, dus R2 500 te veel en word oorgedra (kapitaalverlies nie in ag geneem nie)

Mediese aftrekking: R80 000 (salaris) plus R50 000 (bonus) min R6 000 (pensioen) min R7 500 (UAF) = R116 500 x 5% = R5 825
Dus die toelaatbare mediese aftrekking is: R12 000 – R5 825 = R6 175 (kapitaalverlies nie in ag geneem nie)

Die belasbare inkomste is R116 500 – R6 175 = R110 325. Die vasgestelde kapitaalverlies sal nie die belasbare inkomste van R110 325 verminder nie aangesien die verlies omhein word en oorgedra word na daaropvolgende jare waar dit slegs teen toekomstige belasbare kapitaalwinste afgesit kan word.

Die bogenoemde is nie ’n volledige lys nie. Indien meer inligting verlang word, kan u die bronne raadpleeg soos uiteengesit onder die Voorwoord van hierdie brosjure.

Lehae La SARS, 299 Bronkhorst Straat, Nieuw Muckleneuk 0181, Privaatsak X923, Pretoria, 0001, Suid Afrika
Telefoon: +27 12 422 4000, Faks: +27 12 422 5181, Web: www.sars.gov.za